

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 1:1-11**

**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 1:8**

**Ons vir U**

Die boek Handelingte is Lukas se tweede boek. Die eerste is sy beskrywing van die evangelie wat strek vanaf Johannes die Doper se geboorte tot met Jesus Christus se hemelvaart. Dit handel oor alles wat God in Jesus Christus *vir ons* gedoen het.

Hierdie tweede boek van Lukas is 'n duidelike opvolg van die eerste. Dit begin met die hemelvaart van Jesus Christus en lei dan 'n baie duidelike nuwe tydperk in God se bemoeienis met die hele wêreld in. Met die oortuiging dat Jesus Christus werklik uit die dood opgestaan het, moes die dissipels se godsdiens van binne na buite gekeer word. Hulle “*U vir ons*”-gesindheid moes 'n “*ons vir U*”-diensbaarheid word. Jesus Christus se oortuigde leerlinge (*dissipels*) moes nou sy gestuurde getuies (*apostels*) wees. Hulle moet nie nuuskierig wees oor God se verborge wil nie. Hulle moet nie begaan wees oor 'n aardse koninkryk nie, maar moet, met die krag van sy geestelike toerusting, sy geopenbaarde wil tot aan die eindes van die aarde bekend maak.

Is ons godsdiens al van binne na buite gekeer? Wag ons nog op die koms van 'n aardse koninkryk met 'n “*wanneer gaan U vir ons*”-gesindheid? Is ons nie dalk so nuuskierig en begaan oor God se verborge wil dat ons sy geopenbaarde wil nie gehoorsaam nie?

As kerk van die laaste dae, wat reeds toegerus is met die krag van die Gees van God, moet ons vol oortuiging besig wees om sy evangelie na die eindes van die aarde te neem.

*Sing: Psalm 25:2*